

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 12**

**15 Maart 2026**

## DIE WEG
het jou gevind!

**Ek is die Weg**
Ons leef in ‘n tyd waarin die wêreld vir ons oneindige keuses en weë aanbied, verskeie lewensfilosofieë, selfhelpstelsels en idees oor wat ware vervulling is. Tog sien ons ‘n paradoks: Hoe meer keuses die mens kry, hoe groter word die leë plek in sy hart. Ons het toegang tot inligting, maar min rigting; baie stemme, maar min sekerheid; baie opsies, maar min betekenis.
**Net voor die Kruis**
Die mensdom vra steeds dieselfde vraag: Waarheen moet ek gaan, en hoe vind ek lewe? In Joh 14 vind ons Jesus se dissipels in hul donkerste uur. Net voor Hy gekruisig sou word, was hulle onseker, verward en bang. In hierdie gespanne atmosfeer praat Jesus nie oor ‘n metode tot oorwinning, ‘n stelsel tot sukses of ‘n padkaart na die Vader nie. Hy bied iets veel groter aan – Hy bied Homself aan.
**Net een Weg**
“Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh 14:6). Hierdie woorde is nie ‘n uitnodiging na ‘n nuwe soort godsdiens of ‘n stel reels nie. Dit is ‘n goddelike verklaring van finaliteit, eksklusiwiteit en waarheid. Jesus sê nie dat Hy ‘n pad na God toe ken nie – Hy sê dat Hý die Pad is. Daar is geen middeweg nie.
**Almal soek ‘n pad**
Thomas gee ‘n stem aan die vraag wat diep in elke mens se siel leef: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken? (Joh 14:5). Ons soek almal ‘n pad. Hoe dra mens lyding? Hoe vergewe ‘n mens? Hoe word ek deur God aanvaar? Die wêreld se antwoord is byna universeel dieselfde: Doen meer. Werk harder. Word beter. Elke filosofie is prestasiegedrewe. Jy werk jouself stadig op en hoop om uiteindelik vrede, vervulling en aanvaarding te bereik. Maar Jesus draai hierdie menslike logika radikaal om. Hy sê nie “Ek wys die weg” of Ek gee ‘n stel beginsels” nie. Hy sê: “Ek is die Weg”.
**God wandel saam met jou**
Dit is die kern van die Evangelie. Alle ander gelowe begin met doen; Christeskap begin met gedoen. Dit was nie die mens wat God gevind het nie – God het die mens in Christus kom haal. Daarom is gehoorsaamheid en goeie werke nie die weg na God toe nie, maar die vrug van die hart wat reeds aanvaar is. Die Christen se veiligheid lê nie daarin dat hy die pad vashou nie, maar dat die Pad hom vashou. En as Jesus self die Weg is, kan die mens wat aan Hom behoort nie verdwaal nie. Die Christenlewe gaan dus nie oor om God te verdien nie, maar om saam met God te wandel, omdat Hy jou reeds gevind het.

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir hulle geestelike, emosionele opvoeding en gesondheid.
- Ook vir die areas en mense waar dit nog bitter droog is.
- Vir God se plan in al die gebeure regoor die wêreld.
- Vir bemoediging van Sy kinders wat vasgevang is in oorloggeteisterde gebiede.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Johnny Viviers
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Oom Piet Pretorius
- Marcel Holtzhausen
- Marinda Jordaan
- Amanda J van Rensburg
- Tannie Sannie Wentzel
- Dina Roothman
- Tiné Pretorius

Hettie Singleton
Jaco Meyer
Juanita Rossouw
Janine Vorster
Spokie Vorster
Nettie Badenhorst
Jaap Naudé
Moos Nel
Hannelie Ball
Hazel de Villiers
Arno Claassen

**Gedagte vir die week**

Gehoorsaamheid en goeie werke is nie die trap na God toe nie,
maar die vrug van 'n hart wat reeds aanvaar is.

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org